**Jesus in Getsemané**
Matteus 26:36-56

(Ons gaan hierdie Sondag aan waar ons verlede jaar opgehou het. As jy voel jy het bietjie agtergeraak is dit dalk goed om die vorige agt lesse op ons webwerf so bietjie te bekyk om net op te vang waar ons trek in Jesus se verhaal.)

Dit is belangrik dat die kinders die verhaal van wat in Getsemané gebeur het hoor, lees daarom Matteus 26:36-56. Of laat hulle dit self uit hul Bybels lees, of beurte maak om te lees.

Die gebeure speel af op die vooraand van Jesus se kruisiging en Hy weet wat voor Hom lê. Dit is belangrik dat die kinders moet raaksien dat Jesus wel verskriklik bang was vir dit wat vir Hom wag. Ons lees in Lukas (22:44) se weergawe van hierdie gebeure dat Jesus bloed gesweet het – 'n teken van oorweldigende vrees en angs.

Die "lydensbeker"/"beker" waarna Jesus verwys is 'n bekende beeld uit die Bybelse tyd wat iets sê oor die 'deel wat vir jou afgemeet is', dit wat voor jou lê, die taak wat aan jou toevertrou is, die paadjie wat vir jou uitgelê is. Jesus het geweet hierdie taak lê voor Hom, sy beker is vol bittere pyn en lyding – geen wonder dat Hy gevra het dat Hy nie hierdie beker hoef te drink nie.

Hy was egter nog al die tyd bewus daarvan dat die Vader se Wil uitgevoer moet word. Daarom het Hy ten spyte van sy vrees, met dapperheid sy lot in die gesig gestaar. Hy het geweet wat moes gebeur. Hy het geweet dit is nodig. Hy het oorgegee aan die Vader se wil.

Ook belangrik is om te sien dat Hy te alle tye nog steeds in beheer bly en eintlik op enige oomblik met Goddelike mag die hele situasie kan omkeer en Homself bevry, maar Hy kies om sy lewe vir ons af te lê sodat ons kan vry wees. Omdat Hy vir ons lief is, lê Hy sy lewe vir ons af! God se plan, sy wil, was dat ons vry kan wees – van sonde en van die dood. En daarom eindig die verhaal nie by bloedsweet nie en die kruis daarna nie, maar by die leë graf en Jesus wat die dood oorwin!